Gallery 101 Johannesburg – August 1961

First South African Exhibition of 21 Tibetan Tankas in the Small Gallery of Gallery 101

Press cuttings in Afrikaans from the Transvaler, Johannesburg (10th August, 1961) and Die Vaderland, Johannesburg (15th August, 1961) reviewing this exhibition of reproductions from a private collection - unfortunately no further details or an invitation card could be found.

---

3 Transvaler 10/8/61

21 Tankas in Goudstad

Johannesburg is die eerste stad in Suid-Afrika waar 'n hele versameling Tibetaanse tekeninge en skilderye tentoongestel word.

Die 21 Tankas soos die werke genoem word, is afdrukke uit 'n keur van 500 wat in die hele wêreld bestaan. Dit word uitgestal by die Ateljee-101, 1e verdieping, Rand Central-gebou in Jeppestraat.

Transvaler 10-8-61

Vergeleke met die Indiese en Persiese beeldende kuns, is die Tibetaanse kuns vrywel onbekend in Suid-Afrika en gevolglik geniet dit nie die gewildheid en waardering van die Indiese en Persiese werk nie.

Die werke val op deur hul eenvoud en atmosfeer van geestelike ewewig. Die tema in al die werke is godsdienstig van aard. Daar is selfs 'n mate van natuurlike verwantheid met primitiewe Italiaanse kunswerke.

Die werke dien feitlik as spieël van die siel en kultuur van 'n volk wat eeuelank deur godsdiens oorheers is. Sodoende kan feitlik die hele geskiedenis van 'n geheimsinnige volk leer ken word.

Tibetaanse skilderye in die Galery 101

ALTESAME 21 uitmuntende reproduksies van oorspronklike Tibetaanse boekrolle (skilderye of „tankas") is nou in die Klein Galery van die Galery 101 te sien, vir die eerste keer in Suid-Afrika.

Tibetaanse skilderye — hoewel nog nie soveel lof toegeswaai soos soortgelyke Indiese en Persiese werke nie — is wonderlik eenvoudig en naïef grasieus.

Reënboogagtig gekleur, met godsdiens dikwels as tema, sal hierdie werke ongetwyfeld aandag trek.

Hierdie „tankas" weerkaats die Tibetane soos 'n spieël — 'n volk wat al eeue lank onder die oorheersing van hul godsdiens leef.

Return to:

http://www.pelmama.org/Johannesburg_artscene_Gallery101_RandCentral_1961-1967.htm